**No. R. 818** **23 Oktober 2013**

**DIE WET OP DIE SUID-AFRIKAANSE NASIONALE PADAGENTSKAP BEPERK EN NASIONALE PAAIE, 1998 (WET Nr. 7 VAN 1998):**

**SPESIFIKASIE REGULASIES**

Ek, Dipuo Peters, Minister van Vervoer, na oorlegpleging met die Agentskap, maak die regulasies in die Bylae hierby ingevolge artikel 58(1)(dB) van die Wet op die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk en Nasionale Paaie, 1998 (Wet Nr. 7 van 1998).

**Dipuo Peters**

**Minister van Vervoer**

**Bylae**

**Woordomskrywings**

**1.** In hierdie regulasies het 'n uitdrukking wat in die Wet, die Nasionale Padverkeerswet of die e-Pad Regulasies omskryf is, daardie betekenis en, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

**"die Wet"** die Wet op die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk en Nasionale Paaie, 1998 (Wet Nr. 7 van 1998);

**"e-Pad Regulasies"**die e-Pad Regulasies gemaak deur die Minister ingevolge artikel 59(1)(dA) en (dC) van die Wet; en

**"Nasionale Padverkeerswet"** die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet Nr. 93 van 1996).

**Kameratoerusting gebruik vir identifikasie van motorvoertuig**

**2.** (1) Vir die doel van hierdie regulasie beteken tipe-goedgekeur en tipe-goedkeuring dat een voorbeeld van 'n spesifieke fabrikaat en model van toerusting getoets is ingevolge SANS 1795: Padverkeerswetstoepassingstelsels, Deel 5: Datavasleggingstoerusting en vasleggingstoerusting vir Padverkeerswetstoepassing wat getoets is deur 'n toetslaboratorium geakkrediteer in terme van ISO 17025, deur die Suid-Afrikaanse Nasionale Akkreditasie Stelsel (SANAS).

(2) Die kameratoerusting wat gebruik moet word om die beeld van 'n motorvoertuig vas te lê moet voldoen aan die vereistes van die standaardspesifikasie, SANS 1795: Padverkeerswetstoepassingstelsels, Deel 5: Datavasleggingstoerusting en vasleggingstoerusting vir Padverkeerswetstoepassing en moet soos bedoel in subregulasie (1) tipe-goedgekeur wees.

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

**Metode om e-tag aan voertuig te heg**

3. (1) Wanneer 'n e-tag aan 'n motorvoertuig geheg word in die geval van 'n motorvoertuig met 'n skuins windskerm (Tipe 1 e-tag) , moet die klamp wat vir skuins windskerms verskaf is, gebruik word, en moet die e-tag op die volgende wyse aan die windskerm geheg word:

(a) Die e-tag eenheid (klamp en e-tag) moet horisontaal aan die voorste windskerm agter die truspieël geheg word sodat wanneer die e-tag van binne die voertuig beskou word, die klamp aan die linkerkant van die e-tag is;

(b) die e-tag moet vasgeheg word op 'n wyse wat nie die uitsig van die bestuurder beïnvloed nie en genoegsame spasie moet gelaat word om die e-tag uit die klamp te kan verwyder nadat dit vasgeheg is;

(c) ten minste sewe sentimeter tussen die e-tag en ander voorwerpe soos sonskerms moet gelaat word;

(d) die skoonmaakmiddel vir die oppervlak moet gebruik word om die gedeelte van die windskerm skoon te maak waar die e-tag geheg gaan word voordat dit aangeheg word, en die windskerm moet droog wees voordat die e-tag aangeheg word;

(e) voordat die e-tag aangeheg word moet die e-tag versigtig in die klamp ingegly word totdat dit 'n kliekgeluid maak;

(f) die kleefbandbeskermer moet van die klamp verwyder word voordat dit aangeheg word; en

(g) wanneer die e-tag eenheid aangeheg word moet die klamp versigtig in die korrekte posisie geplaas word en ferm vasgedruk word op die windskerm vir ten ten minste een minuut en die e-tag moet nie van die klamp verwyder word vir ten minste 24 uur na die oorspronklike montering nie.

(2) Wanneer 'n e-tag aan 'n motorvoertuig geheg word in die geval van 'n motorvoertuig met 'n vertikale windskerm (Tipe 1 e-tag) moet die klamp wat vir vertikale windskerms verskaf is, gebruik word en en die e-tag moet op die volgende wyse aan die windskerm geheg word:

(a) Die e-tag eenheid (klamp en e-tag) moet vertikaal in die middel van die voorste windskerm geheg word sodat wanneer die e-tag van binne die voertuig beskou word die klamp aan die onderkant van die e-tag is;

(b) die e-tag moet hoër as die voorruitveërs gemonteer word aan die binnekant van die windskerm in die geval van swaar motorvoeruie en agter die truspieël in die geval van ligte motorvoertuie; en

(c) paragrawe (b) tot (g) van subregulasie (1) is ook van toepassing op die aanhegting van e-tags op vertikale windskerms.

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

(3) In die geval van 'n motorfiets mag die e-tag (Tipe 2 e-tag) aangeheg word deur dit in 'n drasakkie en klamp wat saam met die e-tag vir motorfietse voorsien word aan of die stuurmeganisme of aan 'n metaaloppervlak op die motorfiets vasgeheg word op die wyse gespesifiseer in paragrawe (a) tot (g) of subregulasie (2).

(4) Indien die metode in subregulasie (3) gespesifiseer nie moontlik is nie, of die gebruiker besef dat die die e-tag nie werk nie, moet die gebruiker die e-tag in 'n geskikte sak op sy of haar persoon plaas sodat die agterkant van die e-tag (gedeelte met spasie vir invoeging van die klamp) na die rigting van die voorgenome reis, wys en die "e"-logo op die e-tag na die gebruiker se liggaam wys, of op 'n wyse soos deur die Agentskap gespesifiseer word.

**Gebruik van die e-tag**

**4.** (1) Wanneer 'n e-tag aan 'n motorvoertuig geheg is sal 'n werkende e-tag 'n beep-geluid maak wanneer die motorvoertuig onder 'n tolportaal deurbeweeg op die volgende wyse:

(a) Een beep dui aan dat die transaksie suksesvol was;

(b) twee beeps dui aan dat daar onvoldoende fondse in die betrokke e-tolrekening is of dat die fondse uitgeput raak; en

(c) vier beeps dui aan dat die transaksie nie suksesvol was nie en dat 'n e-tolkliëntedienssentrum gekontak moet word om die probleem reg te stel indien die gebruiker verkies om voort te gaan om die afslag te geniet wat op geregistreerde of nie-geregistreerde e-tag gebruikers van toepassing isl.

(2) Tensy 'n persoon gehoorgestrem is of 'n e-tag aan 'n motorfiets geheg is, moet 'n persoon verseker dat 'n hoorbare sein deur die e-tag gemaak word elke keer wat die motorvoertuig onder 'n tolportaal deurbeweeg en moet 'n e-tag wat nie korrek funksioneer nie soos in subregulasie (1) bedoel gerapporteer word aan die Agentskap deur een van die metodes bedoel in regulasie 5(9) van die e-Padregulasies.

(3) In die geval van 'n gehoorgestremde persoon en motorfiets gebruikers sal die Agentskap sodanige persoon in kennis stel indien die balans in die rekening van sodanige persoon te laag is deur middel van 'n elektroniese boodskap (e-pos) of 'n teksboodskap (SMS) na die eposadres of sellulêre nommer indien een verskaf is.

**Kort titel en inwerkingtreding**

**5.** Hierdie regulasies heet die Spesifikasie Regulasies en tree in werking op die datum van publikasie in die *Staatskoerant*.

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za